



Beste Artikel 2017  
FAMILIA - KWARTAALBLAD

## Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika

Familia 2017  
(54/1)  
(Vertaal)

VAN MY EN MYNE –  
'N BLIK OP AFSTAMMELINGE VAN ALEXANDER BASCH IN SUID-AFRIKA  
Sam J Basch

*Sam Basch is in 1952 in Springs gebore, waar hy skoolgegaan het. Hy doen militêre diens voordat hy 'n graad in Kommunikasiekunde verwerf. Ná 'n lang loopbaan in die Suid-Afrikaanse diplomatieke diens, gaan werk hy by 'n staatsonderneming. Tans doen hy vryskutjoernalistiek, teksversorging en fotografie. Sam en Anna (gebore Marx) het drie kinders, waarvan een huidig in Londen woon.*

### Inleiding

Ons weet baie min van hom. Ons ken sy naam as Alexander Oskar Adolf Berthold Basch en slegs enkele mindere feite van sy latere lewe; dis al.

Wanneer ons aan iemand voorgestel word, sê hulle dikwels: "Basch? Wat 'n vreemde van! Die eerste keer dat ek dit hoor. Daar's waarskynlik nie baie van julle in Suid-Afrika nie?"

Dis waar, tot 'n mate. Sy van is min of meer in nuwe families opgeneem toe sy dogters getrou het, maar ten minste dra sommige manlike afstammelinge dit tot vandag toe voort.

Hoe hulle sedert Alexander Basch se aankoms in die land in die mid-1850s gevaar het, verg 'n veel wyer uiteensetting as die blote kwashale op die volgende bladsye. Die prentjie wat ons tans het, is egter een van relatiewe armoede - nie veel anders as vir baie Afrikanerfamilies indertyd nie.

Alexander Oskar Adolf Berthold BASCH (1837-1902)

Ons weet dat die jong man met 'n indrukwekkende stel voorname uit noordelike Europa gekom het, spesifiek uit die Neisse-distrik van Breslau in die voormalige Pruisiese provinsie<sup>1</sup> Silesië.

Destyds was Breslau 'n Duitse stad, die grootste in Silesië (uitgespreek *Schlesien* in Duits). Die naam Breslau is ná die inlywing van groot dele van Silesië in Pole in die nadraai van die Tweede Wêreldoorlog na Wrocław verander.



Breslau in 1873 - Foto: Fotopolska-Eu

Dit is onduidelik presles wanneer, of op watter wyse Alexander na Suid-Afrika gekom het. Sy ouers was Gustaaf Adolf Frederick en Christina Laura BASCH, wat vermoedelik in sy vaderland agtergebly het. Hy was 'n ystersmid, vaardig in die bou en herstel van waens en wiele (ook beskryf as 'n wielmaker), wat later 'n gedeelte van Elandskloof<sup>2</sup> naby die huidige Dullstroom bekom het, waar hy geboer het tot sy dood aan die einde van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).

Kom ons staan vir 'n oomblik stil in Silesië.

Hierdie Poolse provinsie word oor die algemeen in Onder- en Bo-Silesië verdeel, met eersgenoemde teenaan die oostelike grens van Duitsland as die mooier deel. Bo-Silesië grens aan Tsjeggië. Nysa, een van die oudste dorpe in Silesië en voorheen Neisse genoem, die distrik waarvandaan Alexander geëmigreer het, grens aan die Bo-Silesiese nywerheidsgebied in die ooste van die provinsie. Hier vind ons staalaanlegte en steenkoolmyne, wat nogal toevallig dui op die bedrywe waarin baie van Alexander se nasate sou werk.



Neisse in 1851, rondom die tyd toe Alexander Basch in daardie streek grootgeword het -  
Foto: Fotopolska-Eu]

Die rekord toon dat hy in 1861 met die 29-jarige Martha Smit<sup>3</sup> in die Lydenburg-distrik (ZAR - *Zuid-Afrikaansche Republiek*) getroud is. Sy sterf in 1870 toe haar vierde kind<sup>4</sup> ongeveer 18 maande oud was, waarná Alexander met Aletta Petronella STOLTZ<sup>5</sup> trou, by wie hy 11 kinders<sup>6</sup> verwek.

Hy was reeds 62 jaar oud met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, maar het saam met van sy seuns sy deel in die konflik gedoen. (Die vroulike familielede, insluitende sy vrou Aletta, het die lot van baie Boervroue getref, naamlik dat hulle van hul verwoeste plase verdryf is om die gruwels van die Britse konsentrasiekampe die hoof te bied.)

Britse intelligensieverslae het bevestig dat 'n heliograafstasie in Februarie 1902 op *Elandskloof* bedryf is. In hierdie verslae kom verskeie verwysings voor na 'AFC Bass' (Assistent Field Cornet?) met 40 man by *Roodeklip* en ontruiming van *Elandskloof* in Maart 1902, asook 'FC Bass' (Field Cornet?) met 70 man op 6 April 1902 te *Elandskloof*.

#### Alexander Oscar Adolf Berthold BASCH (1872-1948)

Daar word vermoed dat 'FC Bass' en 'AFC Bass' verwysings is na Alexander Basch en sy 29-jarige seun, wat sy pa se volle name gedeel het. Dit word bevestig deur die jonger Alexander se naoorlogse aansoek om 'n oorlogsmedalje waarin hy sy rang as 'Asst Veldkornet' tydens veldtogte in die Steenkampsberg-omgewing aandui. Van sy senior offisiere was onder andere genl Ben Viljoen en genl Muller, wat albei in die Britse intelligensieverslae oor aktiwiteite in hierdie gebied genoem word. Boonop sou 'n ongewone van soos 'Basch' maklik gekorrupteer kon word as 'Bass', veral as intelligensiebeamptes op mondelinge beriggewing staat gemaak het.

'n Interessante aanname is dat Alexander (vader) vermoor is omdat hy die heliograafstasie op *Elandskloof* bedryf het. Sy weduwee Aletta het in haar eis vir vergoeding vir oorlogskade verklaar dat haar man "was murdered by the Native [sic] during the late war on the 20th of April 1901" [sic]. Hierdie gebeurtenis het plaasgevind '2 myl van Dullstroom' af<sup>8</sup> - waarskynlik naby of op *Elandskloof* waar hy begrawe is. 'n 14-jarige seun, Robert Gert, vermoedelik sy jongste seun, is ook op dieselfde dag<sup>9</sup> daar vermoor. Albei is daarna weer op Bergendal naby Belfast herbegrawe, waar hul name op die oorlogsgedenkteken verskyn, saam met dié van ander gevallie Boere-krygers.



Basch-name by Bergendal - Foto: Sam J Basch]

Die jonger Alexander was 'n 'Bittereinder' wat in Junie 1902 die wapen in Belfast neergelê het en na die konsentrasiekamp by Barberton oorgeplaas is "hierheen gestuur om by sy gesin aan te sluit." 'n Seun van hom is in 1901 daar oorlede.

Ná die oorlog het Alexander sy vrou Hester Maria COMBRINK<sup>10</sup> en jong gesin na Eldoret in Kenia geneem, waar hulle tot kort vóór die Eerste Wêreldoorlog gebly het. Alexander en Hester het tien kinders gehad, waarvan die jongste, Johannes (Hannes) Jacobus Basch, vermoor is, volgens 'n agterkleinseun van Alexander wat nou in die Verenigde State van Amerika woon.



Die Alexander Basch-gesin, ca. 1912. Die seun 2de van links is ook Alexander gedoop, vermoedelik na die stamvader, sy oupa - Foto: goedgunstelik deur Hilton Supra


Alexander se nageslag woon nou regoor die wêreld. Hy sterf op 76-jarige ouderdom in Pretoria ná aftrede by die Suid-Afrikaanse Spoorweë.

#### Samuel (Sampie) Jacobus BASCH (1868-1934)

As die ouer Alexander se jongste seun uit die eerste huwelik, het Samuel (Sampie) Basch as 'n gewone 'Burger' in die oorlog gedien, tesame met sy halfbroer Alexander. Hy is by Magersfontein op 6 Desember 1899 gewond en het ook aan die slag van Dalmunatha deelgeneem. Die skrywer is in besit van sy 'Lint voor Wonden' ('n medalje en lint vir oorlogsgewondes).

Sampie het op die plaas *Welgelegen* in die voormalige Oos-Transvaal grootgeword waar sy vader Alexander met 'n nuwe vrou, Aletta, gewoon het en waar lede van haar familie

in die distrik geboer het. Die vier jong kinders uit die eerste huwelik het gewissel van nege jaar oud (die oudste Gustav Adolf Frederik) tot die 3-jarige baba Sampie. Die gesin sou aansienlik uitbrei soos Aletta haar eie kinders in die lewe gebring het.



Burger Sampie Basch op sy perd - Foto: goedgunstelik deur Gus Basch

Mettertyd het Sampie egter na Stellaland<sup>11</sup> en uiteindelik na die Lichtenburg-omgewing uitgewyk. Volgens die plaaslike Carolina-koerant<sup>12</sup> se doodsberig in 1934 was Sampie skynbaar 21 jaar oud met sy vertrek na Stellaland. Sy ouderdom is egter waarskynlik verkeerd aangedui, aangesien dit sou beteken dat die datum ongeveer 1889 moes wees, toe die Stellalandse republiek nie meer bestaan het nie. 'n Mens moet aanneem dat hy baie jonger was, waarskynlik 17 jaar oud, omdat die koerant berig het dat "they [ook sy landgenote] could not bear living under English [British] rule there, and then moved to Lichtenburg district where he lived until the outbreak of the war 1899-1902." Daar moet onthou word dat die Britte besorg was oor die uitbreiding van die ZAR na die weste, wat hulle genoop het om 'n mag onder Sir Charles Warren te stuur om die gebied te beset.

In sy aansoek om 'n oorlogsmedalje het Sampie aangedui dat hy in die Lichtenburg-kommando en later in die Carolina-kommando gedien het.



Sampie Basch in formele drag, vermoedelik op sy troudag in 1904 - Foto: Basch-versameling



Sampie en Alie Basch met vier van hul kinders op Vanwyk'svlei, ca. 1914 - Foto: Basch-versameling

Dit was in die Carolina-omgewing waar hy sy toekomstige vrou Alida VAN WYK<sup>13</sup> ontmoet het wie se pa 'n gedeelte van die plaas *Vanwyk'svlei* besit het. Ten tyde van hul huwelik in 1904 sou hul vooruitsigte maar donker gewees het. Soos baie ander plase in die distrik, is *Vanwyk'svlei* in die oorlog verwoes, met selfs die opstal wat vernietig was.

Tog het hulle agt kinders daar grootgemaak, waarvan sewe volwassenes geword het. Toe Sampie op 4 Oktober 1934 op 65-jarige ouderdom aan longontsteking sterf, word hy op *Vanwyk'svlei* begrawe, langs 'n dogtertjie Elsie Magdalena wat jonk oorlede is. Albei grafte is bedek met 'n verbrokkelende cementblad en daar is steeds geen behoorlike grafsteen met name nie. Sy deel van die plaas van 686 morge drie vierkantroede is in 1935 op 'n openbare veiling vir £1 483 verkoop.

Sy weduwee Alida (genoem Alie) en haar oorblywende kinders moes elders 'n bestaan gaan maak. Op aangryplike wyse het haar prokureur<sup>14</sup> 'n pleidooi namens haar gelewer:

Ter afsluiting, die langslewende het my gevra om aan u te skryf en u toestemming te verkry dat sy die huishoudelike meubels, wat bestaan uit gewone en eenvoudige plaasmeubels, ter waarde van ongeveer £15 mag behou. Dit is ál wat sy uit die boedel sal kry en sal hoog op prys gestel word.

Die myne:

Ons is nou midde-in die Groot Depressie. Wat die ekonomiese ramp vererger is 'n ernstige droogte wat tot in die dertigerjare sou duur. Terwyl baie Afrikanerfamilies steeds 'n karige

bestaan op plase sou probeer maak, het die migrasie na die stede reeds in die laat 19de eeu begin, veral na Johannesburg en omliggende dorpe waar goud ontgin is.

ZAR president Paul Kruger se reaksie in 1885 op die nuus<sup>15</sup> oor die ontdekking van goud is noemenswaardig:

Moenie met my oor goud praat nie, die element wat meer onenigheid, ongeluk en onverwagte plae in sy spore bring as voordele ... Ek sê vandag vir u dat elke ons goud wat uit die ingewande van ons aarde geneem word, nog geweeg sal moet word met riviere van trane.

Edward-John Bottomley skryf in sy boek 'Poor White':

In 1890 was minder as 10 000 Afrikaners (tussen 2 en 3 persent) verstedelik. Minder as 50 jaar later het 535 000 (50 persent) in stede gewoon. Die middelpunt van hierdie versnelde moderniteit was die gouddraende rif van die Witwatersrand, 'n gebied wat oor ongeveer 60 kilometer strek van Springs in die ooste tot Krugersdorp in die weste.

Dit is presies waarheen Alie met haar gesin op pad was: die dorp Springs op die Oos-Rand, oorspronklik bekend vir steenkool, maar toe omring deur goudmyne. Hulle het 'n moeilike bestaan gemaak, aangesien haar kinders beswaarlik geskool was vir die industriële ekonomie (Gustav, die jongste, was maar nege jaar oud).



Alie Basch, regs voor, met haar kinders en vriende tydens 'n piekniek in Springs, ca. 1939. Haar seun Sam sit aan haar regterkant - Foto: Basch-versameling

Prof Herman Gilliomé<sup>16</sup> het gesê dat Afrikaners wat na die stede verhuis, gevind het dat 'geskoolde en halfgeskoolde werk, die professies en staatsdiensposte reeds deur plaaslike of immigrante Engelssprekendes gevul is.' (p.318). Die opsies vir baie Afrikaners en swart mense het meestal bestaan uit posisies vir ongeskoolde arbeid.

Volgens Bottomley het baie Afrikaners wat na die stede en dorpe migreer het in ernstige armoede beland, in krotbuurte gewoon en 'mieliepap en water' geëet.

Die *Transvaal Indigency Commission* (TIC), aangestel deur lord Alfred Milner, het die kwessie van armlankes in die naoorlogse jare van 1906 tot 1908 ondersoek, gevolg deur die Carnegie-kommissie in 1932. Laasgenoemde het bevind dat 42 persent van die behuising vir die armes 'ongeskik vir bewoning' was.

Alie en die kinders in haar huis<sup>17</sup> het nie eintlik 'n krotbestaan gevoer nie, maar dit was 'n feit dat hulle arm was. Haar vierde kind, die 24-jarige seun Alexander (Louis genoem), was waarskynlik die een wat aanvanklik 'n pos op die goudmyne in Springs gevind het.

Was dit miskien hy wat daarin geslaag het om 'n huis te vind waarin die gesin kon woon, terwyl die seuns probeer het om 'n inkomste te verdien? 'n Foto in die Basch-album wys die jong broers saam met vriende in die slordige agterplaas van 'n nederige huis in Casseldale, 'n voorstad van Springs.

Alexander (Louis) is op 33-jarige ouderdom aan longontsteking oorlede en het sy vrou Anna SNYMAN en 'n babaseuntjie, ook Alexander (Alec), wat minder as twee weke tevore gebore is, agtergelaat. Sy Sterfkennis toon sy beroep as 'Myner' (mynwerker) wat in Dunnottar woon, suid van Springs, by Nigel, nog 'n klein goudmyndorp aan die Oos-Rand.

#### Samuel (Sam) Jacobus BASCH (1918-1980)

Hierdie derde seun van Alie was 16 jaar oud toe sy pa Sampie in 1934 oorlede is. Ons is hom dank verskuldig vir sy tekenvaardigheid vir 'n grafiese uitleg van die plaaskerkhof op *Vanwyksvlei*, met die ongemerkte graf waarin sy pa Sampie begrawe is.

Uit persoonlike herinneringe onthou die skrywer hoe sy pa Sam soms vertel het dat hy as jongman enige werk gesoek het wat die gesin se inkomste kon aanvul. Dit het ingesluit om tot 1937 vir die destydse gewilde OK Bazaars in die nabijgeleë Benoni te werk, en as skuldinvorderaar vir Williams Hunt & Harris, waarvoor hy met 'n Norton-motorfiets gery het. Dié maatskappy was 'n handelaar vir Chevrolet- en Buick-motors.

Hy het uiteindelik 'n posisie op die goudmyne gevind wat deur die jare oorplasings van Geduld in Springs en Blyvooruitsicht (naby Carletonville in die weste van die Witwatersrand) na Modderbee<sup>18</sup> en Daggafontein in Springs behels het, met 'n draai by die Winkelhaak-myn naby Evander. Met geen matriek agter sy naam, het Sam deeltyds studeer vir 'n gelykwaardige kwalifikasie as matriek, wat bevordering tot en 'n lang loopbaan as hoof van die 'Government Miners Training Schools' (GMTS) meegebring het.




Sam Basch met sy nuwe bruid Grieta, gebore Van der Vyver, 1951 - Foto: Basch-versameling

In 1951 trou hy met pas-gekwalifiseerde verpleegsuster Margaretha (Grieta) VAN DER VYVER, wat hy in Pretoria ontmoet het. Hulle vestig in Springs, waar Sam 'n huis in die voorstad Selection Park besit het. Grieta se ma en suster het 'n huis oorkant die pad van hulle bewoon, en Sam het uiteindelik sy swaer (Grieta se broer Pieter) gehelp om ook 'n pos by die myne te kry.

Hul vier seuns het op die myne grootgeword, hoofsaaklik by Daggafontein, waar hulle 'n baie beskeie, maar sorgvrye, byna landelike leefstyl ervaar het, met landbougrond daar naby en 'n stoomtreinlyn na die middedorp van Springs. Die lewe op die myn was 'n selfstandige maar tog rigiede gestratifieerde bestaan, soos die bekroonde romanskrywer en aktivis Nadine Gordimer<sup>19</sup>, ook gebore in Springs, skryf:

The white people on the mines of the Witwatersrand began their life together lost in many kinds of isolation; yet, speaking of the past, anyone who lived there will give the strongest impression of security. Mining people not only worked together; they lived close in Company houses along Company streets, tended by a mine doctor in the mine hospital, meet at the mine Recreation Club for their entertainment... *We were just like one big family in those days.* What other way could there have been in that emptiness, that memoryless place? It was an autocratic family, of course, and the social hierarchy, based on the hierarchy of working importance, provided the sense of order. The General Manager's in his residence; all's well with the world.



Drie onbekende Springs mynwerkers, vermoedelik Basch-vriende. Let op hul karbiedlampies, asook eie klere, in plaas van mynoorpakke - Foto: Basch-versameling

Sam het in 1972 vroeë aftrede uit die myne geneem om by Sanlam aan te sluit, waar hy 'n suksesvolle tweede loopbaan tot sy dood in 1980 kon volg. Hy lê begrawe in die Springs-begraafplaas, nie ver van sy moeder Alida nie.

Slot:

Ondanks die myne se ietwat besoedelde reputasie in die huidige Suid-Afrika, het mynwese 'n groot invloed op die ekonomiese ontwikkeling van die land gehad – en dié van baie ontheemde Afrikanerfamilies.

Soos Davenport<sup>20</sup> sê: "Nowhere else in the world has a mineral revolution proved so influential in weaving the political, economic and social fabric of a society."

Ander faktore het 'n ewe belangrike rol gespeel, bv. regeringsbeleid wat daarop gemik was om armlankes op te hef. Die 'beskaafde' werkbeleid van premier JBM Hertzog van

1924 was van groot belang om voorkeur te gee aan die indiensneming van ongeskoolde wit werkers in staatsdepartemente en ondernemings soos die spoorweë.

Binne vyf jaar het die aantal ongeskoolde blankes in diens van die Suid-Afrikaanse spoorweë en hawens (SAR & H.) geklim tot 16 000 (28,7% van die totaal), van minder as 5 000 (9,5% van die totaal).<sup>21</sup>

Deur slegs enkele individue uit die Basch-familie, afstammelinge van die stamvader Alexander Oskar Adolf Berthold, te bekyk, kon ons opmerk dat baie ander ook 'n bestaan in die openbare sektor gevind het. Ruimtebeperkings sluit hier die beskildering van 'n breër doek uit.

Dit is dan voldoende om te sê dat Alexander se nageslag vandag trots kan wees op die prestasies van hul familielede ondanks ontberinge wat baie gely het, dikwels dwarsdeur hul lewens. Baie van die huidige geslag afstammelinge woon tans regoor Suid-Afrika en in die buiteland, en dra hul huidige vaardighede by tot die moderne ekonomie.

Dink vir 'n oomblik terug aan Silesië: dis merkwaardig dat die Poolse samelewing nog altyd groot agting vir nywerheidswerkers het vir die 'roeping' of beroep wat hulle beoefen, waar die nering dikwels van pa na seun oorgedra is. 'Barborka' is die jaarlikse Mynwerkersdag wat op 4 Desember gevier word.

Uittreksels van die BASCH-stamboom:

Alexander Oskar Adolf Berthold \* Neisse-dist., Breslau (tans Wrocław, Pole), Pruisie  
**02.08.1837** † Elandskloof, Lydenburg-dist. 20.04.1902 (boer en ystersmid) Ω Bergendal  
x Lydenburg 17.11.1861 Martha Christina Elizabeth Geertruida SMIT \* Beaufort-Wes  
**24.09.1837** † Lydenburg 31.07.1870 xx Lydenburg 02.10.1872 Aletta Petronella  
Margaretha STOLTZ \* **11.02.1848** † Middelburg 23.04.1920

- b1 Gustaaf Adolf Frederik \* **29.08.1862** ≈ Lydenburg 01.01.1863 † Geluk, Carolina  
dist. 13.01.1898 (boer) x Lydenburg 12.03.1888 Aletta Susanna VAN  
**LOGGERENBERG** † **15.10.1913**
- b2 Johanna (Hannie) Margaretha \* **14.03.1865** ≈ Lydenburg 22.10.1865 †  
Zondagskraal 26.06.1929 x Lydenburg, Henning Jacobus (Koos) VAN WYK \*  
**21.8.1865** † Vanwyksvlei 3.3.1923
- b3 Christina Laura \* **01.1867** ≈ **10.03.1867** Nasareth-dist. Middelburg †  
07.10.1921 x Carolina, Francois Cornelis MEYER
- b4 Samuel (Sampie) Jacobus \* Vanwyksvlei, dist. Carolina **19.12.1868** † Vanwyksvlei  
03.10.1934 x Carolina, Tvl. 27.04.1904 Alida (Alie) Wilhelmina VAN WYK \*  
**05.09.1885** † Springs 12.05.1961
- c1 Carolina Wilhelmina \* Vanwyksvlei 05.05.1905 † Witbank 30.09.1959 x Jacobus  
Johannes Hercules STEYN \* **21.03.1898** † Witbank 27.08.1947
- c2 Martha (Peggy) Christina Gertruida \* Vanwyksvlei, Carolina dist. **31.08.1906** †  
Nelspruit 01.03.1974 x Witbank 18.04.1936 Edmund (Ed) Hamilton DAVIE \*  
**Harrismith 11.10.1905** † Nelspruit 28.10.1996

- c3 Alida (Lida, uitgespreek Laida) Wilhelmina \* Vanwyksvlei **18.03.1908** † Pretoria 18.07.1966 x Carolina 17.03.1928 Hendrik (Baasman) Christoffel DE CLERCQ \* **Carolina 28.01.1908** † **Pretoria 21.12.1965** (sy spogplaas *Paardeplaas* buite Carolina is uiteindelik aan 'n steenkoolmaatskappy verkoop)
- c4 Alexander (Louis) Oscar Adolf Berholdt \* Vanwyksvlei 09.1910 (Mynwerker, woon naby Dunnottar) † **Spring 11.08.1943** x **Spring**, Anna Magdalena SNYMAN
- c5 Arie Willem \* **06.10.1914** † **Johannesburg 08.07.1970** x Bloemhof 08.08.1944 Lilian Esther COLEMAN
- c6 Samuel (Sam) Jacobus \* **Vanwyksvlei 16.08.1918** † **Spring 23.03.1980** (prinsipaal van GMTS-mynskool, later Sanlam-verteenwoordiger) x Springs 31.03.1951 Margaretha (Grieta) Elizabeth Johanna VAN DER VYVER \* Laingsburg **29.10.1927** † **Spring 29.07.2001**
- c7 Elsie Magdalena \* **24.11.1920** † **Vanwyksvlei 19.07.1924**
- c8 Gustav Adolf Frederick \* **Vanwyksvlei 13.01.1926** † **Johannesburg 19.02.1981** x Elizabeth Magdalena Johanna STEYN

Alexander se tweede huwelik met Aletta Stoltz:

- b5 Alexander Oscar Adolf Berthold \* **1872** † **Pretoria 14.12.1948** (afgetree van Suid-Afrikaanse Spoorweë, Pretoria) x Hester Maria COMBRINK
- b6 Gabriel Gert Frederick \* Vanwyksvlei, **Carolina dist. °01.1875** † slagveld, Dundee-dist. Natal 13.05.1900 (herbegrawe Pretoria 16.01.1929) x Lydenburg Maria Magdalena BOTHA \* **03.1882** † Konsentrasiekamp Belfast 04.02.1902
- b7 Anna Cornelia Margaretha \* **Carolina °04.1875** † **Pretoria 04.10.1948** x Jan Hendrik COMBRINK † **1907** xx James Gladstone TURNER † **17.06.1942**
- b8 Richard Adolf \* Frischgewaagd, Carolina-dist. **19.08.1877** † **Pretoria 11.06.1960** x Carolina 10.11.1914 Martha Elizabeth VISSER \* Beetgeskraal, Lydenburg-dist. 02.05.1894
- b9 Aletta Petronella Margaretha x Thomas Kemp WAKEFORD
- b10 Maria Geertruida (Magdalena) \* **Carolina dist. °04.1882** † **Johannesburg 22.08.1954** x **Albertus Hendrik BEZUIDENHOUT** † **1957**
- b11 Elizabeth Jacomina Aletta \* **Carolina-dist 11.04.1883** † *Wryneb* naby Rayton, Bronkhorstspruit-dist. 12.01.1954 x Isaac GOBEY \* **Engeland °01.1876** † *Wryneb*-plaas, Rayton 24.09.1954
- b12 Hester Izabella Aletta \* 30.11.1885 x Philippus MARÉ
- b13 Martha Christina Elizabeth Geertruida \* **01.02.1889** † **22.08.1953**
- b14 Gert (George) Coenraad Frederick \* **01.06.1891** † **26.10.1918** (vermoedelik Spaanse griep)(passer op SA Spoorweë) x Elizabeth Margaretha VENTER \* **°10.1915** † **Edenvale Hosp. 03.08.1959** xx Harold Daniel SMITH
- b15 Robert Gert<sup>22</sup> † **04.03.1902 Elandskloof, Lydenburg** dist.  $\Omega$  Bergendal from Elandskloof

Bonne:

1. TAB MHG Ref 2782 vir Alexander OAB Basch (1837-1902)
2. TAB MHG Ref 0/19326 (foutief in argief gelys as BOSCH in stede van BASCH) vir Martha Smit (1837-1870)
3. Ancestry24 (inligting deur 'cornestoltz' geplaas; geraadpleeg op 19 Mei 2012 vir Aletta Stoltz (1848-1920)
4. British Concentration Camps of the South African War 1900-1902,  
[http://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd/Person/111164/Aletta\\_Petronella\\_Basch](http://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd/Person/111164/Aletta_Petronella_Basch) - geraadpleeg 11 Mei 2013
5. TAB MHG Ref 63/49 vir Alexander OAB Basch (1872-1948)
6. E-poskorrespondensie vanaf 4 Januarie 2013 met Hilton Supra, Helen Supra (gebore Tiedt) en Fritz Tiedt, afstammelinge van stamvader Alexander OAB Basch uit sy tweede huwelik
7. JP Stoltz, *Stoltz/Stols van Suid-Afrika - Herinnerings-/gedenkrol vanaf 1712*, Publiseff Uitgewers, November 2009
8. 1984-Kieserslys van Basch-stemgeregtigdes
9. Diverse dokumente en foto's in skrywer se privaatbesit (Basch Collection), bv. afskrif van Sampie en Alie se huweliksertifikaat uitgereik deur die Ned H of G Kerk, Carolina 21.12.1945
10. Persoonlike herinneringe en gesprekke met familielede oor baie jare
11. TAB MHG Ref 3960/43 vir Alexander OAB Basch (1910-1943)
12. TAB MHG Ref 7069/59 vir Carolina Wilhelmina Steyn, geb. Basch (1905-1959)
13. TAB MHG Ref 6498/66 vir Alida Wilhelmina de Clercq, geb. Basch (1908-1966)
14. TAB MHG Ref 7620/70 vir Arie Basch (1914-1970)
15. Sam Basch (1918-1980) huwelik- en sterftesertifikaat in skrywer se privaatversameling (Basch Collection)
16. Sampie Basch doodsberig in *The Advertiser* (Carolina), 12 Oktober 1934, deur sy vriend Hennie Prinsloo en doodsberig uit Carolina, 26 October 1934 (titel van koerant nie aangedui nie)
17. Leon Strachan, *Son of England, Man of Africa*, Tartan Publishers, 2<sup>nd</sup> revised edition 2009
18. E-poskorrespondensie met Elria Wessels, senior navorser by Anglo-Boereoorlogmuseum, Bloemfontein
19. Edward-John Bottomley, *Poor White*, Tafelberg, 2012
20. Prof CFJ Muller, (ed.), *500 Years - A History of South Africa*, 3rd Edition, H&R Academia, 1969
21. Jade Davenport, *Digging Deep - A History of Mining in South Africa*, Jonathan Ball Publishers, 2013.
22. Martin Meredith, *Diamonds, Gold and War - The Making of South Africa*, Jonathan Ball Publishers, 2007
23. Frank Welsh, *A History of South Africa*, HarperCollins Publishers, London, 2000
24. Eyewitness Travel, *Poland*, Dorling Kindersley Limited, A Penguin Company, London, 2007
25. Tian Schutte, *Guerrillastryd - Minder bekende skermutselings en gevegte in die Transvaal tydens die guerrillafase van die Anglo-Boereoorlog*, 2016
26. Coal Mining in Upper Silesia and Heavy Industry in Poland during Communism,  
<http://culture.polishsite.us/articles/art301fr.htm> - accessed in October 2016
27. Silesia facts, information, pictures, <http://www.encyclopedia.com/places/germany-scandinavia-and-central-europe/polish-political-geography/silesia> - accessed in October 2016
28. Silesia - Wikipedia, <https://en.wikipedia.org/wiki/Silesia> - accessed in October 2016
29. Charles van Onselen, *The Fox and the Flies - The World of Joseph Silver, Racketeer and Psychopath*, Jonathan Cape, London, 2007
30. David Goldblatt & Nadine Gordimer, *On The Mines*, C. Struik (Pty) Ltd., Cape Town, 1973

31. E-poskorrespondensie met Dr Tian Schutte, Nelspruit, vanaf 26 Augustus 2014 tot 27 Junie 2016, wat afskrifte van verskeie historiese dokumente verskaf het, insluitend Britse intelligensieverslae uit die British Archives by Kew, Londen
32. Jerzy Lukowski && Hubert Zawadzki, *A Concise History of Poland*, 2nd Edition, Cambridge University Press, 2006

---

<sup>1</sup> Sy Sterfkennis in Engels dui die geboorteplek aan as: 'Neisse District, Neisse Session, Breslau, empire (Prussia), North Germany'

<sup>2</sup> Dit is tans 'n foreplaas wat deur die COMBRINK-familie besit word, nasate van 'n Combrink-Basch huwelik

<sup>3</sup> Martha Christina Elizabeth Geertruida SMIT (1837-1870), dv Samuel Jacobus SMIT (1798-1837) en Johanna Margaretha DU PLOOY (1804-1885)

<sup>4</sup> Die skrywer se oupa, Samuel Jacobus BASCH (1868-1934)

<sup>5</sup> Dogter van Gabriël Gerhardus Frederik STOLTZ (1819-1885) en Anna Cornelia Margaretha GROBLER \* 1819

<sup>6</sup> Alexander se Sterfkennis (SK) dui slegs 10 kinders uit sy tweede huwelik aan

<sup>7</sup> Sy SK en ander bronne bevestig dat hy in 1902 dood is

<sup>8</sup> Navorsing Elria Wessels, Anglo-Boereoorlogsmuseum, in 'n e-pos gedateer 23 Oktober 2009

<sup>9</sup> Op die ABO-Museum se gedenkmuur vir Burgersterftes op Kommando in Bloemfontein word hul sterfdatum aangedui as 4 Maart 1902

<sup>10</sup> Haar broer Jan Hendrik COMBRINK is met Alexander se suster Anna Cornelia Margaretha BASCH getroud

<sup>11</sup> Die kortstondige Stellaland Republiek het bestaan van 1882 tot 1883, toe dit met die naburige Land van Goosen saamgesmelt het om die Verenigde State van Stellaland te vorm. Ná die anneksasie van die ZAR, het die Britse owerhede die republiek tot niet gemaak en in Brits-Betsjoeanaland (nou Botswana) geïnkorporeer

<sup>12</sup> Titel is onbekend, doodberig gedateer 29 Oktober 1934

<sup>13</sup> Alida Wilhelmina VAN WYK (1885-1961), dogter van Arie Willem VAN WYK (1842-1928) en Carolina Wilhelmina BESTER

<sup>14</sup> Prokureur HJ Grobler in Carolina op 29 April 1935, vermoedelik aan die Meester

<sup>15</sup> Berig deur Leo Weinthal, redakteur van die *Pretoria Press*, soos aangehaal deur Martin Meredith in *Diamonds, Gold and War*

<sup>16</sup> Gilliomee, *The Afrikaners*, aangehaal deur Edward-John Bottomley in *Poor White*, p.34

<sup>17</sup> Haar drie dogters wat reeds volwasse, reeds getroud of op die punt van trou, en het elders gewoon, insluitend in Carolina en Witbank ('n dorp in die steenkoolstreek van huidige Mpumalanga-provinsie)

<sup>18</sup> Die Modderbee-gevangenis buite Springs beslaan tans die terrein van die ou myn

<sup>19</sup> Benewens verskeie ander toekennings, het Gordimer die Nobel Letterkundeprys in 1991 verower

<sup>20</sup> Jade Davenport, *Digging Deep - A History of Mining in South Africa*, p.1

<sup>21</sup> Prof CFJ Muller, (Red.), *500 Years - A History of South Africa*, p.416

<sup>22</sup> Vermoedelik jongste seun van stamvader A.O.A.B. BASCH – geen geboorterekords gevind nie. Op 20 April 1902 saam met sy pa A.O.A.B. Basch by Elandskloof vermoor, by Bergendal herbegrawe